

Hoofstuk van die dag: 2 Samuel 21

Maar die koning het vir Armoni en Mefiboset, die twee seuns wat Rispa dogter van Aja by Saul gehad het, gevat asook die vyf seuns van Saul se dogter Merab wat sy gehad het by Adriël seun van Barsillai die Megolatiet. (vers 8)

Die laaste hoofstukke van 2 Samuel is los vertellings wat nie kronologies ingevoeg is nie. Hoofstuk 21 pas waarskynlik vroeg in Dawid se koningskap.
Ons lees van die Gibeoniete in Jos 9. Daar het die Israeliete met hulle ’n verdrag gesluit (Jos 9:15). Hulle moes toe dwangarbeid vir die Israeliete verrig. Baie van hulle het die Leviete bygestaan by die Tent van Ontmoeting en het later deel aan die tempeldiens gehad. Toe Saul die priesters van Nob laat vermoor het, het talle van hulle ook omgekom (1 Sam 22:6-18). Nou eis hulle vergelding (vers 6).
Ons kan seker redeneer dat Dawid ’n kind van sy tyd was, en dat hierdie soort optrede destyds aanvaar is. Tog was dit nie een van Dawid se groot oomblikke nie. Nie alles wat algemeen aanvaar word, is reg nie.
Die Here het in Eseg 18:2-4 Hom sterk teen dié soort gebruik uitgespreek. Kinders behoort nie te boet vir hulle ouers se wandade nie.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026